

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA GRAIN SA	DATUM 2019/06/14		DATUM 2019/06/13		+ - LAST WEEK 2019/06/03		BY DIE GELD PUT OPSIE		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	JUL '19 TERMYNPRYS	WM	YM
DJIA-index	26107	101.94	0.39%	26005	5.2%	24815	PUT TREFFPRYS	R 2 814.00	R 2 808.00
Goud (Spot)	1344.86	9.73	0.7%	1335.13	2.5%	1312.57	PUT PREMIE	R 69.37	R 50.46
Brent \$/vat	61.33	0.61	1.0%	60.72	0.1%	61.26	MIN SAFEX PRYS	R 2 750.63	R 2 749.54
1 € / US\$	1.1271	0.00	-0.25%	1.1299	0.8%	1.1177			
1 US\$ / ZAR	14.86	-0.040	-0.3%	14.90	2.1%	14.55			
Corn	R 2 585.73	63	2.5%	R 2 522.30			*CBOT Corn May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT May 12:00 the previous day		
Wheat	R 2 923.35	42	1.5%	R 2 880.85			*CBOT Wheat May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat May 12:00 the previous day		
Soybeans	R 4 848.58	42	0.9%	R 4 806.89			*CBOT Soy May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy May 12:00 the previous day		
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)									
Corn Jul 19	442.00	12.00	2.8%	430.00			Pariteitspryse gelewer in		
Wheat Jul 19	535.40	9.20	1.7%	526.20			Randfontein. Koring DBN invoer		
Soybeans Jul 19	888.00	10.00	1.1%	878.00			pariteit ipv uitvoer pariteit		
PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit / Uitvoerpariteit				
SORGHUM Sep '19	3280.00	0.00	0.0%	3280.00	3728.00	2100.00			
WMAZ Spot	2844.00	56.00	2.0%	2788.00	4096.00	2370.00			
WMAZ Jun 19	2873.00	59.00	2.1%	2814.00	3529.00	2129.00			
WMAZ Jul 19	2900.00	53.00	1.9%	2847.00	3584.00	2182.00	WEEK TOTAAL	130 799	347 162
YMAZ Spot	2834.00	48.00	1.7%	2786.00	3529.00	2129.00	JTD TOTAAL	570 828	1 496 068
YMAZ Jun 19	2859.00	51.00	1.8%	2808.00	3529.00	2129.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	5 126 540	5 018 820
YMAZ Jul 19	2911.00	50.00	1.7%	2861.00	3584.00	2182.00	% GELEWER VAN OES	11.1%	29.8%
SOY spot	5440.00	174.00	3.3%	5266.00	6222.00	4486.00			20.4%
SOY Jul 19	5462.00	150.00	2.8%	5312.00	6485.00	4475.00	KORING INVOERE		
SUN Spot	5237.00	92.00	1.8%	5145.00	6343.00	4855.00	2018/19	2017/18	5 Jr. GEM
SUN Jul 19	5281.00	96.00	1.9%	5185.00	6343.00	4855.00	WEEK TOTAAL	13 200	16 405
WHEAT Spot	4452.00	2.00	0.0%	4450.00	4646.00	4326.00	JTD TOTAAL	754 733	1 161 945
WHEAT Jun 19	4476.00	6.00	0.1%	4470.00	4718.00	4398.00	TOTAAL BENODIG	1 520 000	2 173 234
WHEAT Jul 19	4482.00	17.00	0.4%	4465.00	4676.00	4356.00	JTD AS % VAN BENODIG	50%	53%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R14.86 teenoor die dollar. Die rand het gistermiddag teen R14.89 teenoor die dollar gesluit, met die dag se reeks tussen R14.82 en R14.93. Die wisselvalligheid van die rand en ander ontluikende markte se geldeenhede word grootliks beïnvloed deur die voortgesette handelsoorlog tussen die VSA en China, wat steeds beleggersvertroue skaad. Volgens die Reserwebank stel die bank se voorspellingsmodel voor dat daar dalk ruimte vir rentekoersverlagings in die volgende jaar of twee sal wees gegewe die swak ekonomiese aktiwiteit. Die besigheidsvertroue-indeks, wat gister bekend gemaak is, was plat op 28 indekspunte, onveranderd vanaf die eerste kwartaal. Sewe uit tien respondente bly ontvrede met huidige omstandighede. Hierdie resultate is van 1800 sakemanne versamel. Mynbouproduksie het in April met 1,5% gekrimp, en het die sektor se daling tot sesde agtereenvolgende maand uitgebrey. Faktore wat herstel sal ondersteun, sluit in verbeterde elektrisiteitsvoorsiening in vergelyking met die eerste kwartaal, asook 'n mate van normalisering in goudmynbouproduksie na aanleiding van die langdurige staking by die Sibanye Stillwater-myn. Brent-Ru olie handel vanoggend teen \$ 61.59 per vat.

Mielies: Die Amerikaanse mieliehandel het gister se sessies met sterk winste voortgesit as gevolg van voortgesette bekommernisse oor plant vertragsing en ongunstige produksietoestande weens 'n oormaat reën. Private uitvoerders het gister uitvoerverkope van ongeveer 175 260 ton aan die USDA gerapporteer. Dit is vir lewering aan Mexiko gedurende die 2019/20 bemarkingsjaar. Mielie-uitvoerders het daarin geslaag om totale verkope van 261 620 ton te maak, met 167 640 ton ou oesverkope, tesame met 93 980 ton nuwe oes verkope. In Argentinië is die verwagting dat die 2018/19 mielie-oes 47,1 miljoen ton sal beloop, wat 4% hoër is as vorige ramings, nadat die hektare in die land se Santa Fe-streek hoër is as wat aanvanklik geskat was. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliepryse het gedurende gister se sessie hoër verhandel. Julie-witmielie-kontrakte verhandel tot 'n laagtepunt van R2854 en 'n hoogtepunt van R2898, voordat die sessie by R2873 afgesluit word. In gister se weeklikse in- en uitvoerverslag is aangedui dat die weeklikse WM uitvoere 6 677 ton was en die YM uitvoere 3 891 ton. In die handelsintensies verslag is daar 91 600 ton se WM uitvoere gerapporteer tot en met die eerste week in Augustus terwyl daar 'n verdere 28 030 ton YM gerapporteer is vir dieselfde tydperk. Daar is ook 'n verdere 64 000 ton se YM invoere wat voor einde Junie ingevoer behoort te word.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonhandel het gister weer ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag aangesien daar steeds bekommernisse is rakende die tempo van die aanplantings in die VSA. In gister se weeklikse uitvoerverkope verslag wat deur die USDA bekend gemaak was, was die uitvoere op 530 700 ton gerapporteer. Dit sluit beide ou en nuwe seisoen verkope in. Die weeklikse uitvoerverkope was effens laer as verlede week se uitvoerverkope, maar was goed in lyn met die gemiddelde handelsverwagtinge vir die week. Die weeklikse uitvoerverkopies was goed en dit was op ongeveer 760 000 ton gerapporteer. China was die grootste ontvanger van Amerikaanse sojabone vir die week. In Argentinië is die produksieverwagtinge vir die seisoen effens afwaarts aangepas vanaf die vorige skatting en word die totale oes nou op 56.5 miljoen ton geskat wat steeds 'n baie goeie oes is. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonhandel het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Koring: Die Amerikaanse koringhandel het gister weer gemeng verhandel, maar het hoofsaaklik hoër gesluit vir die dag. Die ondersteuning in die mark kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n oorspoel effek vanaf ander kommoditeite. In die weeklikse uitvoerverkope verslag wat gister bekend gemaak was, is die totale uitvoerverkope 325 600 ton gerapporteer. Die nuwe koring bemarkingsseisoen het 1 Junie in die VSA begin en daar is steeds uitvoerverkope wat oorgestaan het vanaf die vorige bemarkingsseisoen. Die totale koring uitvoerverkope wat oorgebring is vanaf die vorige bemarkingsseisoen is 1.57 miljoen ton. In Argentinië is die koring produksieverwagtinge vir die seisoen opwaarts aangepas vanaf die vorige skatting. Die totale produksie vir die seisoen behoort nou meer as 21.9 miljoen ton te wees wat ongeveer 13% meer is as die vorige seisoen se produksie. **Plaaslik:** Die plaaslike koringhandel het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. In gister se weeklikse invoer verslag is gerapporteer dat daar 13 200 ton se koring ingevoer is. Die totale invoere vir die seisoen tot dusver is 754 733 ton.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Ruan Schutte en Ikageng Maluleke / Vir navrae, kontak: ruan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

